Koördinaat

NWK Bedryfsinligtingsblad • Nr 36 • Mei 2011

In dié uitgawe

3

Tot jou diens

5

Ontmoet vir Willem

9

Nog ‘n eerste

12

Wen dié prys

NWK belê in die toekoms van boerdery

Die jaarlikse AGRI NW Jongboerkonferensie, met NWK weer vanjaar as die hoofborg, het op Vrydag, 15 April op Lichtenburg plaasgevind. Met die tema vir 2011: “Boerdery is nie kinderspeletjies nie” is jong produsente aangemoedig om positief te bly en te fokus op dit wat saakmaak.

Boeta du Toit (uitvoerende hoofbestuurder: Agri NW) was baie tevrede met ‘n bywoningsyfer van 66% deur die lede. In sy boodskap het hy jongboere aangemoedig om ondanks die vele veranderinge in landbou – op politieke en ekonomiese terrein – potensiële geleenthede wat uit hierdie veranderinge kan voortspruit, tot hul beste voordeel te identifiseer en te ontgin.

Die uittredende voorsitter, Francois Coetzee, het tydens die verrigtinge sy tuig ná ‘n ampstermyn van twee jaar neergelê met die boodskap dat jong produsente betrokke moet raak by Agri SA en sy affiliasies en dit wat waardevol en kosbaar is met passievolle deelname moet beskerm. Clayton Butler is eenparig verkies as die nuwe voorsitter en Magnus Theunissen as visevoorsitter.

Die motiveringspreker tydens die konferensie was Francois Uys, ‘n produsent uit die Bredasdorp-omgewing. Sy insiggewende boodskap dat jy nie mag toelaat dat die omstandighede om jou jou gedrag bepaal nie, het alle konferensiegangers geboei. “Maak ‘n verskil waar jy ook al is. Kies om te glo en behou hoop vir die toekoms,” het hy afgesluit.

Prof. André Louw, ‘n professor in Agribesigheid, wat hoofsaaklik nagraadse klasse by die Universiteit van Pretoria aanbied, was die hoofspreker tydens die geleentheid. Hy het na verskeie aspekte van landbou gekyk en jongboere aangemoedig om te midde van ‘n bleek prentjie, deel te wees van die oplossing deur te kyk na nuwe besigheidsmodelle en -idees.

Tydens die dinee, wat deur Santam Landbou geborg is, is die 30-jarige Gerrie van der Merwe, ‘n produsent van die Skuinsdrif/Zeerust-omgewing as die wenner van die AGRI NW-Jongboer van die Jaar-kompetisie aangewys.

Gerrie boer vir die afgelope vier jaar voltyds in ‘n vennootskapsverhouding met ander entiteite in die Maswela Farms Joint Venture.

Clayton Butler (nuutverkose voorsitter: Agri NW-Jongboervereniging), André Louw (hoofspreker), Francois Uys (motiveringspreker) en Francois Coetzee (uittredende voorsitter: Agri NW-Jongboervereniging).

Gerrie van der Merwe, wenner van die AGRI NW-Jongboer van die Jaar-kompetisie en sy vrou, Danélle.

Jóú greep op die mark. Your grip on the market.

NWK groet Dirk Lotter

Dirk Lotter het na 26 jaar in diens van NWK op 30 April 2011 met vervroegde pensioen afgetree. Sy loopbaan by NWK het op 1 Maart 1985 by die voormalige Koster Koöperasie as besproeiingskonsultant begin. Hy is later as bestuurder: Besproeiing aangestel.

Hy het sy graad in Ingenieurswese in 1981 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Vanaf 1981 tot 1984 was hy aan die Departement Landbou verbonde.

Met die amalgamasie met NWK in 1987 beklee hy die pos van handelsbestuurder: Meganisasie en Besproeiing. In 1999 is Dirk tot bemarkingsbestuurder: Meganisasie bevorder en word in dieselfde jaar as bestuurder: Meganisasie aangestel. Dié pos het hy tot in 2002 beklee toe hy bevorder is tot hoofbestuurder: Handel. In 2005 word hy aangestel as direkteur: Handel, die pos wat hy tot en met sy aftrede beklee.

Dirk sal onthou word vir sy integriteit, vaste beginsels en die gemoedelike mens wat hy is. NWK kan met trots sê: daar gaan 'n man verby.

Hulle neem die leisels oor

Freddie Pohl is aangestel as die nuwe Groep finansiële bestuurder met ingang van 1 April 2011 in die plek van Basie van Rensburg wat met vervroegde pensioen is.

Freddie se vorige pos, bestuurder: Finansiering, word met ingang van 1 Mei 2011 gevul deur Francois de Kock.

Direksievergadering

Die volgende Direksievergadering van 2011 vind op 22 Julie plaas.

Voldoende silospasie beskikbaar vir die komende seisoen

Met die somergraan-oesseisoen voor die deur is dit vanjaar die vierde agtereenvolgende jaar van goeie oeste deur produsente in die NWK-gebied. Daar is elke jaar minder graan versend as wat die ontvangste beloop het en die oordragvoorraad is tans op 'n relatief hoë vlak. Tesame hiermee is die sonneblomoesskatting die hoogste wat dit nog in NWK se bestaan was. Hierdie hoë sonneblomoesskatting impliseer dat meer silospasie as ooit tevore deur sonneblom opgeneem gaan word.

Ons wil produsente egter gerusstel dat daar reeds by 27 van die 37 silo's voldoende spasie is om die oes ten volle te kan hanteer. By die ander tien silo's wissel die probleme van minder ernstig tot redelik ernstig. Daar word egter deurentyd graan by hierdie silo's weggelaai na kopers ten einde voldoende spasie te skep. By van die kleiner silo's gaan graandamme opgerig word om 'n vinniger aflaaitempo te bewerkstellig. Die graan sal dan verskuif word na silo's waar daar voldoende kapasiteit is en wat nader aan die mark geleë is.

Omdat die padinfrastruktuur in Suid-Afrika jaarliks agteruitgaan en produsente graag by hul naaste silo wil lewer, sal NWK alles in sy vermoë doen om te verseker dat daar by alle silo's voldoende silokapasiteit beskikbaar is. Dit is daarom uiters belangrik dat die oesskatting van u lande wat aan die silo deurgegee word so akkuraat moontlik is.

NWK sien uit om u graan te hanteer. Indien u enige navrae het of probleme ervaar, kontak gerus Graandienste by Hoofkantoor by (018) 633-1001.

Volle pakket in presisieboerdery is beskikbaar

Presisieboerdery het ten doel om die produktiwiteit van gewasproduksie te optimaliseer. Dit word gedoen deur elke stukkie grond op só 'n wyse te bestuur, dat dit die gewas wat daarop groei, optimaal ondersteun. NWK Landboubestuursdienste bied nou 'n uitgebreide pakket aan produsente.

Wat is presisieboerdery?

'n Kort definisie is: "Om die regte ding op die regte plek op die regte tyd te doen met die kleinste impak op die omgewing."Dit maak gebruik van GPS-tegnologie om die geografiese verspreiding van puntspesifieke data van opbrengste, chemiese en fisiese grondeienskappe en enige ander geografiese produksiefaktore, geografies op die land te identifiseer en op GPS-gekorrigeerde kaarte van die land, aan te dui. Voorts gaan dit om hierdie grondeienskappe differensieel oor die land te manipuleer of te gebruik, sodat plante op elke geografiese deel van die land optimaal groei. Presisieboerdery by NWK staan op vier pilare, naamlik: grondkartering en -potensiale, chemiese presisie, meganiese ondersteuning en geografiese inligtingstelsels (GIS).

Grondkartering en -potensiale

- **Grondkartering** behels die identifikasie en geografiese verspreiding van verskillende grondtipes op die plaas. Grondopnames word gedoen deur grondtipes met behulp van 'n meganiese grondboor op 'n ruitpatroon te identifiseer en te noteer. Homogene grondtipes word dan as grondliggame omlyn sodat die grondeienskappe van daardie geografiese area vir die produsent op 'n eenvoudige en werkbare wyse uiteengesit word. Die produk is 'n grondkaart van die plaas (**Figuur 1**) met 'n meegaande verslag, wat addisionele inligting tot die verslag en interpretasie van die grondeienskappe bevat.
- Die **grondkaart** word spesifiek gebruik vir plaasbeplannings sodat die verskillende grondtipes aangewend word vir dit waarvoor dit geskik is. Laepotensiaalgronde word verkieslik vir aangeplante weiding gebruik, terwyl mediumhoë- en hoëpotensiaalgronde vir akkerbou aangewend word.
- **Grondpotensiale:** Elke waarnemingspunt se gronddata word, saam met die volgende produksieseisoen se verwagte klimaatstoestande, by wyse van gewasmodelle na produksiepotensiale vir 'n spesifieke gewas vir die volgende seisoen verwerk. Die resultaat is dus 'n produksiepotensiaal vir 'n spesifieke gewas vir elke waarnemingspunt in die land. Dit word dan na 'n potensiaalkaart vir die land verwerk. Hierdie potensiaalkaart vir 'n spesifieke gewas vir 'n spesifieke jaar kan nou gebruik word vir differensiële bemesting (**Figuur 2**) en plantestand volgens potensiaal. Die potensiaalkaarte moet vir elke seisoen herbereken word omdat die oorgedraagde vog jaarliks verskil en so ook die verwagte klimaatstoestande.



Figuur 1: 'n Voorbeeld van 'n grondkaart van 'n plaas.



Figuur 2: 'n Kaart vir differensiële topbemesting volgens die potensiaal van mielies vir 'n spesifieke produksieseisoen.

- **Grondkarteringspakkette:** Twee intensiteite van waarneming is beskikbaar, naamlik die eenhektaar-ruitpatroon vir heterogene gebiede soos die Koster-omgewing en die tweehektaar-ruitpatroon vir die meer homogene gebiede soos die Lichtenburg- en Delareyville-distrikte. Vir ekstensiewe weidingsplase word die waarnemingspuntdigtheid verder verlaag om sodoende net die hoofgrondtipes wat veld en aangeplante weiding sterk beïnvloed, te skei.

Chemiese presisie

Chemiese presisie behels die identifikasie van die geografiese verspreiding van die land se chemiese status en die differensiële herstel van wanbalanse. Die beste gronde is gewoonlik die armste aan plantvoedingstowwe omdat die meeste plantvoedingstowwe hier deur die plante onttrek word. Deur hierdie tekorte op hierdie gedeeltes reg te stel, kan die grondtipe weer tot sy reg kom.

Presisie (vervolg)

'n Ruitpatroon word met behulp van 'n GPS oor die land gegooi en dan word 'n grondmonster op elke ruitpunt geneem en individueel na 'n laboratorium gestuur vir ontleding. Elke monster se ontleding word dan aan die GPS-punt gekoppel waar die grondmonster geneem is. 'n Rekenaarprogram verwerk die data om die waarskynlike geografiese verspreiding van elke voedingselement oor die land aan te dui.

Regstellings aan wanbalanse op gedeeltes van die land, word vanuit dié program geskryf. So word die pH-kaart (**Figuur 3**) gebruik om die toedieningskaart vir kalk (**Figuur 4**) te genereer. Die gedeeltes van die land wat dan verskillende hoeveelhede kalk moet kry, word dan met 'n implement soos 'n sny-eg, op die land uitgemerk. Die produsent strooi dan die onderskeie hoeveelhede kalk op die aangewese areas. Die alternatief is om 'n differensiële strooier te gebruik om die kalk differensieel toe te dien.

Die chemiese pakkette bied twee intensiteitsvlakke: een- en tweehektaar-ruitpatroon.

Meganiese ondersteuning

Die meganiese ondersteuning van presisieboerdery berus op die verskaffing en toerus van stropers met stropermonitors, die toerus van kalkstrooiers om bemestingstowwe differensieel toe te dien en die outomatiese stuur van trekkers. Hierdie toerusting is werktuigspesifiek en moet dus vir die spesifieke werktuig bestel word. NWK is in proses om, in samewerking met 'n Ronin PFS, die bedieningsgebied



Figuur 3: 'n Voorbeeld van 'n pH-kaart van 'n land.



Figuur 4: 'n Voorbeeld van 'n toedieningskaart vir kalk.

in 'n netwerk met 'n RTK-korreksiesein te voorsien, waarvolgens trekkers in 'n spoorverkeerstelsel binne 25 mm akkuraat met die GPS bestuur kan word. Meer inligting sal beskikbaar gestel word soos wat die netwerk uitgebrei word. Dit is in pas met die wêreldwye neiging.

Geografiese inligtingstelsels (GIS)

GIS is 'n rekenaarstelsel waarin geografiese data (soos plaasdata) geïntegreer word om geografiese inligting te genereer en verwerk tot bestuursinligting. By NWK word onder andere GPS-opgemete plaasdata tot bruikbare plaaskaarte vir die produsent te verwerk. Grondkarteringskaarte word ook op die GIS gegenereer. Akkurate oppervlaktes van bestuurseenhede is die basis van die aanwending van natuurlike hulpbronne. Die opmeet van plase en/of lande met behulp van sub-meter akkurate GPS'e, is 'n diens wat deur NWK aan produsente gebied word.

Ten slotte

Deur die nuutste toevoegings van presisieboerderydienste tot NWK se lys van dienste aan produsente, kan NWK-produsente nou op die voorpunt boer. Vir meer inligting en die verskaffing van presisieboerderydienste, kontak NWK-Landboubestuursdienste by (018) 633-1143 of *martiens@nwk.co.za.*

Artikel geskryf deur Martiens du Plessis (bestuurder: Presisieboerdery, Landboubestuursdienste).

Ken jou silobestuurder – Willem Kruger van Lottie Halte

Ons begin in dié uitgawe 'n nuwe rubriek waar ons die NWK-silobestuurders aan ons produsente wil bekendstel. Ons skop af met Willem Kruger (silobestuurder: Lottie Halte), 'n kranige gholfspeler wat in Tzaneen gebore is, maar homself as 'n Lichtenburger in murg en been beskou.

Hy het in 1982 aan Hoërskool Lichtenburg gematrikuleer en na die voltooiing van sy weermagopleiding, het hy in 1989 sy loopbaan as bedryfsassistent by Halfpad Silo begin. Terwyl hy hier gewerk het, het hy deeltyds 'n BA Bedryfs- en personeelsielkunde graad aan die Noordwes-Universiteit voltooi.

In 1991 word hy na Delareyville Silo as gradeerder bevorder en twee jaar later na Lichtenburg Silo oorgeplaas. Hy word in 1995 silobestuurder by Boschpoort Silo en in 1997 bevorder as assistent-bestuurder: Madibogo Silo. Na net 'n bietjie meer as elf jaar in die pos van inspekteur: Graandienste by Hoofkantoor, word hy na Lottie Halte Silo oorgeplaas.

"Vir die tydperk wat ek 'n inspekteur was, het ek nie direk in die bedryf gewerk nie en dit is vir my nou baie lekker om weer elke dag met die uitdagings van dié bedryf te doen te hê. Omdat Lottie Halte sewe dae 'n week aan Epko en Opti Feeds sonneblom en mielies verskaf, duik daar gereeld uitdagings op om te bestuur. Ek geniet dit om die groot en klein uitdagings te bestuur," noem hy. Vir Willem is dit belangrik om effektiewe graanbestuur toe te pas, die veilige hantering en opberging van graan en om die silo tot optimale winsgewendheid te bestuur.

Sy vrou, Lizelle, is ook deel van die NWK-span by Interne Oudit. Hulle het twee kinders, Ané (8) en WJ (6). Willem beplan om op Lichtenburg af te tree. "Ek glo dat as 'n mens eers een maal van Lichtenburg se water gedrink het, jy dié plek nie so maklik kan afskud nie."

Developing farmer proud of his progress

The NWK Farmer Development team that comprises Agricultural Management Services, Financing, Omnia, Santam Agri, Agricol and Grain were invited to a field day at Matile with Phillip Masibi, one of the farmers involved in the programme. The objective was to show Phillip's gratitude regarding the overall progress that he has made with his 156 hectare sunflower crop and to thank the team as a whole for their support and assistance towards his success.

A more comprehensive article about this hard working producer will be published in the next issue of NWK Arena. Omnia sponsored the day's refreshments.

Lawrence Watch (Agricol), Ronnie Tshabalala (NWK agriculturist) and a very pleased Phillip Masibi (farmer).

Akkerboudag verbreed kennis van landbou

Die jaarlikse NWK Rietgat Akkerboudag is vanjaar op 13 April 2011 deur die departement Landboubestuursdienste aangebied. 84 kommersiële en ontwikkelende boere, 16 landboukundiges, 8 uitstallers en borge en verskeie ander rolspelers in landbou-finansiering en graanverhandeling het dié dag bygewoon.

Produsente het die geleentheid gehad om te luister na lesings oor die beste akkerboupraktyke, asook oor nuwe produkte wat beskikbaar is. Die meeste van die gewasse wat in NWK se bedieningsgebied verbou word, word op die Rietgat-proefperseel aangeplant vir navorsingsdoeleindes.

Dié boeredag vorm deel van die wye reeks dienste wat NWK se departement Landboubestuursdienste aan produsente bied. Verskeie navorsers en akkerboukundiges het tydens die dag lesings aangebied. Met so 'n dag word van die belangrike ontwikkelings in die landbou aan produsente en landboukundiges bekend gestel.

Enige navrae kan aan dr Willem Otto (bestuurder: Navorsing, Landboubestuursdienste) gerig word by (018) 633-1143.

Edward Dwyer en Chris van Gerve van NWK Landboubestuursdienste lig die gaste toe oor grondboonverbouing.

Jan du Toit (NWK-Omnia Agentskap) verduidelik die beginsels van bemesting aan die produsente.

Vegetable farmers expand their knowledge

NWK Econobuild Mafikeng and Agricultural Management Services: Developing Agriculture had an opportunity to demonstrate boom spray calibration as well as the use of chemicals in weed and pest control programmes of vegetables.

The demonstration was attended by about 50 developing vegetable farmers at the Modimola Irrigation Project in the Mafikeng area.

Other speakers on the day were Nkhetheni Belemu (Perishable Product Export Control Board) and Chris Mbalathe (Efekto), who delivered a lecture on the safety of chemicals in agriculture and the responsible use of a wide variety of their products.

The local Department of Agriculture and Rural Development (DARD) was also present. The Modimola Irrigation Project has enjoyed the support of Econobuild Mafikeng in the past with the supply of building materials, fencing, irrigation and production inputs.

In collaboration with the Johannesburg Fresh Produce Market a follow-up farmers' information day which will focus on the marketing of fresh produce has been arranged.

Present on the day were: (back row) JP Sebitloane (DARD), Kgosi Saane-Tawana (tribal leader and project chairman), R Tshoba (farmer: Modimola), MI Mogorosi (DARD) and N Mbelemu (PPECB). Front row: BP Pine (farmer: Grootfontein), S Lephoi (DARD), Lebogang Morare (Econobuild Mafikeng), GG Dijwe (farmer: Lotlhakane) and C Mbalathe (Efekto).

Korttermynversekeraars vat hande

Die Korttermynversekering Data Uitruil Projek oftewel STRIDE (Short Term Insurance Data Exchange) is 'n inisiatief van lede van die Korttermynversekeringsbedryf asook tussengangers (FIA: Financial Intermediaries Association) om 'n betroubare stelsel daar te stel om onderskrywingsinligting onderling te deel.

Dit is 'n feit dat alle versekeraars nie dieselfde eise-ervaring van 'n sekere tipe risiko, byvoorbeeld brand, het nie en is dit dus moeilik om so 'n risiko se premie te bepaal. Die Versekeringswysigingswet (Seksie 48A) stipuleer tans dat 'n versekeraar mag aandring op tersaaklike inligting ten opsigte van risiko's (versekerdes) waarvoor hul op dekking is. Hierdie inligting sluit onder andere in:

- Vorige eisegeskiedenis van 'n potensiële kliënt;
- Ligging van die risiko's; en
- Beveiligingsmaatreëls.

Benewens kostebesparings in die korttermynversekeringsbedryf asook meer akkurate data, het STRIDE ten doel om die bedryf meer besigheidseffektief te maak deurdat 'die wiel nie herontwerp hoef te word' wanneer 'n kliënt van versekeraar wissel nie. Dit sal noodwendig ook ander byvoordele hê deur vroegtydig 'gewoonte'-eisers te identifiseer en kan ook versekeringsbedrog help hokslaan.

Aan die einde van die dag sal STRIDE tot voordeel van elke versekerde wees deur meer korrekte premievasstellings en beter risikobestuur deur die versekeraar.

Koring: beplan só vir die nuwe seisoen

Met die koringseisoen net om die draai, is dit tyd vir die opstel van 'n doelgerigte produksiestrategie. Dr Willem Otto (bestuurder: Navorsing) en Chris van Gerve (navorsingstegnikus) wys graag die volgende vrae uit waaraan produsente tydens hul beplanning moet aandag gee:

- Wanneer gaan ek my somergewas oes en watter grondbewerkings gaan nodig wees voor koringplanttyd?
- Wanneer is die beplande plantdatum en watter koringkultivar reageer die beste in dié plantvenster? (Koringresultate uit die Nasionale Kultivarprogram is beskikbaar om die keuse te vergemaklik.)
- Wat is my gronde se chemiese voedingstatus en wat is die optimum bemesting vir die opbrengspotensiaal waarvoor ek beplan? Watter kunsmisprodukte gaan ek nodig kry?
- Wat is die siekteprofiel van die kultivarpakket wat ek gaan aanplant? Watter beheermaatreëls moet ek insluit in my beplanning: byvoorbeeld saadbehandelings teen wortelvrot en grondgedraagde siektes; blaarbespuitings van chemiese of biologiese middels vir siektevoorkoming en oorkoming van plantstres.
- Hoeveel millimeter water gaan nodig wees om die beplande opbrengspotensiaal te bereik en hoe gaan besproeiing geskeduleer word? Is skeduleringsdienste die antwoord of moet grondwaterstatus self gemonitor word gedurende die groeiperiode?

Alhoewel slegs 'n paar punte van die totale produksiesisteem aangeraak is, moet die hele seisoen deurdink en deeglike beplanning vooraf gedoen word. Soos die Engelse sê: "Failing to plan, is planning to fail." Die uiteinde is 'n goed deurdagte beplanning voor die skoot klap vir die wegspring van die seisoen.

Kundigheid is beskikbaar om bystand te verleen in elke stap van die proses. Saam kan ons verseker dat ons die regte aanloop het om oor die dwarslat te spring. Kontak gerus NWK se span kundiges by Landboubestuursdienste vir raad by (018) 633-1143.



Veldbrande en wintergras is sinoniem

Volgens Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) is weiveldbrande meer waarskynlik na afloop van goeie reëns, soos dié van die afgelope seisoen. Dit lei ook tot verkorte tydperke van goeie toestande waartydens die produsent op sy weiding kon kapitaliseer.

Die groter waarskynlikheid van veldbrande hou vir die produsent hoofsaaklik die volgende groot risiko's in:

- Aanspreeklikheid teenoor 'n derde party as gevolg van 'n veldbrand wat vanaf sy grond versprei; en
- Verlies aan eie weiding.

Wat betref die aanspreeklikheidsrisiko, wys Louw die produsente op die bepalings van die Wet op Veld- en Bosbrande (Nr. 101 van 1998). Ingevolge hierdie wet het elke grondeienaar of -gebruiker 'n verpligting om veldbrande te voorkom en te bestry. Die nie-voldoening hieraan kan jou 'n stewige boete of selfs tronkstraf op die hals haal. Meer inligting oor hierdie wet kan verkry word by die naaste kantoor van die Departement van Waterwese en Bosbou óf plaaslike georganiseerde landboustrukture.

Die tweede risiko, naamlik verlies aan weiveld, word aangespreek deur 'n innoverende versekeringsproduk wat deur Santam Landbou ontwikkel is. Hierdie produk hou die volgende voordele vir jou as produsent in:

- Kontant vir voeraankope ter vervanging van afgebrande weiding.
- Optimum veldherstelling.
- Kuddebestuur word nie nadelig beïnvloed nie.
- Belastingvoordele – premies kan van belasting afgetrek word.

Louw sê dat die drakrag van die weiveld gekoppel aan die waarde van 'n KVE/GVE, gebruik word as basis om die waarde van die weiding te bepaal. Produsente word aangemoedig om hul naaste NWK-verskeringsmakelaar te kontak om ook hierdie gemoedsrus te verkry.

Reënseisoen

Met die reënseisoen so te sê agter die rug moet die nodige instandhoudingswerk aan geboue en dakke gedoen word.

Wysigings aan Padongelukkefonds verhoog finansiële blootstelling

Die konstitusionele hof het gedurende November 2010 die beperking op beseringseise by die Padongelukkefonds (PAF) gehandhaaf. Volgens die oorspronklike bedoeling van die Padongelukkefonds Wet, verseker hierdie wysigings dat álmal wat op Suid-Afrikaanse paaie beseer word, vergoeding sal ontvang vir beserings opgedoen of verlies aan inkomste – weliswaar beperk tot 'n limiet daargestel deur die PAF. Dit verhoog die finansiële blootstelling van middel en hoër inkomste bestuurders.

As jy byvoorbeeld in 'n ongeluk betrokke is en jou mediese en verlies aan inkomste eis oorskry die perk gestel deur die PAF – ongeveer R180 000 per jaar vir verlies aan inkomste en beperkte dekking vir mediese uitgawes – sal jyself vir daardie tekort voorsiening moet maak om jou lewensstandaard te handhaaf. Dit impliseer dat elke bestuurder/versekerde self voorsiening moet maak vir voldoende persoonlike ongevalleversekering, sowel as vir aanspreeklikheid voortspruitend uit 'n motorongeluk.

Santam maak eise makliker met inrysentrums

Santam se eisedienste het verskeie inisiatiewe aan die gang om hul leuse, "Net Diens" te ondersteun.

Hulle is opgewonde en trots op die bekendstelling van 15 nuwe en opgeknapte inrysentrums wat toegespits is op die skep van 'n groter nasionale voetafdruk vir motorvoertuig-assesserings.

Hierdie sentrums is in maklik toeganklike gebiede geleë en 'n vriendelike motorassessor is op die perseel om hulp te verleen met die assessering van die skade aan 'n motorvoertuig, die lewering van 'n kwotasie en om kliënte met raad te bedien oor die beste opsie vir herstelwerk.

Neem asseblief kennis dat, indien moontlik, alle rybare voertuie na een van hierdie motorvoertuig-inrysentrums verwys sal word gedurende die registrasie van 'n motorvoertuigeis om doeltreffendheid te verseker.

"Dit is vir ons baie belangrik dat ons kliënte die assesseringsondervinding as naatloos en gerieflik ervaar! Ons glo dat met hierdie nuwe inrysentrums kliënte Santam se eisediens as uitmuntend sal beleef," sê Adele Pieterse (verhoudingsbestuurder: Santam).

Dit is veral die vakansieganger of reisiger wat ver van sy huis gestrand is, wat hieruit voordeel kan put, aldus Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering).

In Pretoria en Kaapstad is daar selfs twee mega-assesseringsentrums waar verversings sowel as motorhuurfasiliteite vir kliënte beskikbaar is.

Besoek gerus Santam se webtuiste *(www.santam.co.za)* vir meer inligting of kontak jou plaaslike Santam-kantoor met enige navrae.

NWK skitter by Potch Besigheidskool

Die Potchefstroom Besigheidskool (PBS) se uitvoerende leerprogram was nog altyd baie gewild. Dié leerarea het pas sy sukses weer bevestig deur verskeie studente met hul kwalifikasies te beloon. Verskeie personeellede van NWK in Lichtenburg het hulself tydens die kursus bewys.

Talle sertifikate vir prestasies op die verskillende vakgebiede is pas tydens die jaarlikse sertifikaat-toekenningsgeleentheid deur prof Tommy du Plessis (direkteur van die PBS) aan *graduandi* oorhandig. Fiona Joubert, wat verbonde is aan die Noordwes-Universiteit, het weggestap as die beste algehele presteerder in die fundamentele bestuursprogram.

Altesaam 18 kandidate het hierdie program onder leiding van prof Ronnie Lotriet (programbestuurder) suksesvol voltooi. NWK spog nie alleenlik met die beste student in die program nie, maar ‘n bykomende 15 onderskeidings is deur hul groep behaal. ‘n Totaal van 48 kandidate het hul sertifikate ontvang vir die suksesvolle voltooiing van die gesogte kwalifikasie in middelbestuur. Die Potchefstroom Besigheidskool sê dat hulle baie trots is op die uitmuntende prestasies van die studente in al drie bestuursprogramme en dat hierdie kwalifikasies waarde sal toevoeg tot elkeen van hierdie *graduandi* se loopbane.

Hoërskool Lichtenburg maak dit drie in ‘n ry

Hoërskool Lichtenburg het vanjaar vir die derde keer in samewerking met hul twee borge, NWK en Santam Landbou, ‘n baie suksesvolle 0/16 rugbyweek vanaf 27 tot 31 Maart op Lichtenburg aangebied.

Die agt besoekende skole wat vanjaar deelgeneem het, was: Hoërskool Voortrekker van Bethlehem, HTS Middelburg, Hoërskool Alberton, Hoërskool Jeugland van Kemptonpark, Hoërskool Lichtenburg, Hoërskool Merensky van Tzaneen, Hoër Landbouskool Oakdale van Riversdal en HTS Witbank.

Die bekende Naas Botha was Sondagaand die gasspreker en het aan die seuns gesê dat hulle die geleenthede moet gebruik om te ontwikkel en ook elke wedstryd te benader asof dit hul enigste kans is om hulself te bewys. Maandagoggend het met ‘n skopkompetisie begin, waarna Naas die spelers op die fynere tegnieke van skopwerk gewys het.

Om 16:00 het die eerste wedstryd plaasgevind en dit was van die begin af duidelik dat dit ‘n week van harde rugby sou wees. Die Bulletjierugby van Dinsdag het natuurlik vir baie vermaak gesorg met die hele familie wat hul klein Springbokkies-inwording kom ondersteun het. Die spelers het die Woensdag kans gekry om by Sun City te gaan ontspan.

Hoërskool Lichtenburg het vir die derde jaar in ‘n ry die toernooi gewen, maar dit was beslis nie ‘n maklike pad na die finaal nie.

Daar is ook soos dit elke jaar die gebruik is, weer ‘n NWK/Santam Landbou vyftiental van die week aangewys. Dié span is ‘n bulspan wat beslis enige opponente harde bene sal laat kou. Die rugbyweek is gekenmerk deur harde rugby en puik dissipline deur die spelers. NWK het reeds aangedui dat hulle volgende jaar weer ‘n borg van hierdie groot geleentheid sal wees.

Die seuns luister aandagtig terwyl rugbylegende Naas Botha verduidelik hoe om pale toe te skop.

Identiteit nou duidelik sigbaar

Die ontwikkeling en oorskakeling na NWK se nuwe korporatiewe identiteit het alreeds op 27 Januarie 2010 begin. Van die begin af was daar konsensus by NWK se bestuurskorps dat die oorskakeling na ‘n nuwe korporatiewe identiteit die ideale geleentheid is om progressiewe vernuwing op alle vlakke te laat plaasvind. Een van die sake wat in dié proses meer aandag sal geniet, is die opgradering van infrastruktuur.

Die aanpassing van die gebiedsborde en bedryfspuntborde het deel gevorm van hierdie opgradering. Die nuwe borde asook die gebiedsborde wat in die onderskeie gebiede vervang is, kan nou by die silo’s en van die handelswinkels gesien word.

Met dié nuwe borde, kan almal sien hul betree nou NWK-kontrei.

Silo’s is nou duidelik gemerk.

Besproeiing verkry goue status

Dienslewering is vir Valley Irrigations of Southern Africa van uiterste belang. Daarom evalueer hulle sedert 2008 alle Valley-handelaars om te bepaal of hulle wel voldoen aan sekere basiese vereistes om goeie diens aan bestaande sowel as nuwe Valley-kliënte in die bepaalde bedieningsgebied te lewer.

Dié evaluasie help handelaars ook om jaarliks sekere groeipunte te identifiseer, en daarvolgens 'n groeiplan vir die daaropvolgende jaar op te stel. Tydens die evaluasieproses word daar gekyk na: sigbaarheid in die bedieningsgebied, administrasie, verkope, naverkopediens en installasie.

Tydens die 2010 evaluasieproses het NWK LandMark-winkel op Lichtenburg in al hierdie afdelings uitgestaan en is as 'n Valley-handelaar met goue status aangewys. Hierdie toekenning sal tydens 'n handelaarsfunksie op 12 Mei aan NWK oorhandig word saam met 'n bonus wat deur NWK aangewend kan word om die Valley-afdeling verder te ontwikkel.

Ottosdal doen dit weer

NWK Meganisasie op Ottosdal is tydens die Ottosdalskou, wat van 9 - 12 Maart plaasgevind het, weer met 'n eerste plek as landbou-uitstaller bekroon. Dit is die agtste keer in nege jaar dat hulle met die louere wegstap. Die landboutoerusting op die skou se totale waarde was ongeveer R60 miljoen, met NWK se toerusting wat sowat R24 miljoen beloop het. Die skou was weer eens vanjaar 'n reuse-sukses met al die uitstalruimtes wat beset was. Alle uitstallers het 'n medalje ontvang vir deelname aan die skou. NWK se deelname bewys weer eens hul betrokkenheid by die boeregemeenskap.

Die trotse span van NWK Meganisasie, Ottosdal, met hul eerste prys.

NWK se uitstalling het baie aandag gelok.

'n Wenk of twee vir jou plaas

Produsente moet nou aan die volgende vee- en weidingsaspekte aandag gee:

Veekunde

- Die koeikudde moet hul jaarlikse ontwurming kry.
- Die bulle moet vir vrugbaarheid en geslagsiektes getoets word voor die aanvang van die winterdekseisoen.
- Die kalwers wat gespeen word, moet hul eerste inentings teen spons-, lam- en miltsiekte asook knopvelsiekte en slenkdalkoors kry. Hulle moet ook ontwurm word.
- Met speen word die kalwers en die moeders geweeg en die data vir NWK se veekundige gestuur. Hy sal – met die geboortedatums in ag geneem – die speenindeks en koeidoeltreffendheid kan bereken.

Weidings

- Die laaste veldkampe moet klaar bewei word voor die diere op die oesreste gejaag word.
- Die Smutsvingergras wat in die winter benut moet word, mag nie nou bewei word nie.

Multirisiko Oesversekering

Maak seker dat daar aan die voorwaardes van Multirisiko Oesversekering voldoen word deur betyds die nodige vorderingsverslae af te handel.

Deel van die span

Jannie Peyper is vanaf 1 April aangestel as 'n Landboukundige by Omnia.

Nuut by Vervoer

Benny Maretlwa is vanaf 1 April by NWK Vervoer as skeduleringskontroleur aangestel.

Silobestuurder

Lennie Aspeling is sedert 1 April Grootpan Silo se nuwe bestuurder. Hy was voorheen by Lottie Halte Silo.

Konferensiesentrum binnekort in gebruik geneem

Volgens mnr Phillip van Niekerk (bestuurder: Eiendomme en Kantoordienste) nader NWK se konferensiesentrum, op die hoek van Nelson Mandelarylaan en Daniëlstraat op Lichtenburg, nou voltooiing en behoort op 20 Mei sy deure te open.

Die konferensiesentrum bestaan uit vier opleidingslokale, waarvan twee van die lokale ongeveer 100 persone elk kan huisves en twee kleiner lokale wat omtrent 18 persone kan akkommodeer. Verder is 'n rekenaaropleidingsfasiliteit vir 14 persone beskikbaar asook 'n groot opleidingslokaal wat in twee verdeel kan word of as 'n geheel gebruik kan word vir tot 200 persone. Al die lokale sal met oorhoofse projekters toegerus wees en daar sal ook 'n klankstelsel in die groot lokaal beskikbaar wees. Ander geriewe sluit in kombuisfasiliteite, 'n braaiarea en binnenshuise eetarea.

Ingenieursdienste wys hul staal

'n Waaier van een van die graandroërs by Sannieshof Graan moes dringend herstel word nadat agt van die vinne afgebreek het. Dié waaier, met 'n deursnee van 2 meter en 'n gewig van 4,5 ton, is van die droër verwyder en na Ingenieursdienste se perseel op Lichtenburg vervoer. Ingenieursdienste se vakmanne het hul staal getoon en die totale herstelproses, vanaf verwydering tot herinstallering, het slegs ses dae geduur.

Opti Feeds se nuwe personeel

Caren van Niekerk is vanaf 1 April aangestel as rekenmeester.

Johan Potgieter is vanaf 1 April een van die tegniese adviseurs.

Danielle Snyder is vanaf 1 Maart aangestel as krediteureklerk.

Só verhandel NWK-aandele

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Februarie 2011 tot 31 Maart 2011 só verhandel:

NWK Beherend Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
60 521	R3,10
7 555	R3,11
29 954	R3,15
114 648	R3,16
12 470	R3,20
5 801	R3,26
1 613	R3,30
5 098	R3,35
353	R3,36
27 151	R3,50
124 079	R3,60
384 041	R3,80
200 000	R3,85
200 000	R3,90
1 173 284	

NWK Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
15 533	R4,31
20 000	R4,35
13 097	R4,40
90	R4,41
235	R4,51
84 583	R4,60
1 000	R4,61
2 500	R4,62
63 765	R4,70
48 836	R4,80
249 639	

Belangstellende aandelekopers en -verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1487/1159/1089/1158 skakel.

Bestel jou kuikens by Opti Chicks

Opti Chicks verkoop dagoudkuikens aan die publiek. Bestellings moet ten minste 30 dae voor die verlangde aflewering/aankope geplaas word. Aflewerings geskied op Dinsdae of Donderdae by verskillende punte (sien tabel hieronder).

Kuikens kan by die broeiery op Lichtenburg, NWK Econobuild op Mafikeng of by die volgende NWK LandMark-winkels bestel en afgehaal word:

AFLEWERINGS OP DINSDAE	AFLEWERINGS OP DONDERDAE
Koster	Ottosdal
Buhrmansdrift	Madibogo
Zeerust	Sannieshof
Grootpan	Delareyville
Skuinsdrift	Biesiesvlei
Boons	Boschpoort
Mafikeng	Gerdau
	Kameel
	Mareetsane
	Rostrataville

Vir meer inligting, kontak vir Rolf Freitag (bestuurder: Broeiery) by Opti Chicks se kantoor (018) 632-0336/9.

'n Nuwe naam by die Oesdag

Alhoewel die Opti-produktereeks goed bekend is, spog Opti Feeds vanjaar vir die eerste keer met sy nuwe naam en logo by die NAMPO Oesdag. Maak seker jy kom loer in by ons stalletjie vir spesiale prysaanbiedinge en om ons nuwe naam en logo saam met ons te vier. Opti Feeds se stalletjie is soos gewoonlik deel van die NWK-uitstalling in die NAMPO-saal.

Behou só kontak

Goeie dienslewering aan ons klante bly een van Opti Feeds se fokusareas. Ongelukkig kan ons nie dieselfde sê van alle instansies wat aan ons dienste lewer nie. Ons doen weer eens 'n beroep op u om die volgende nommers byderhand te hou ingeval u ons nie op ons landlynnommers in die hande kan kry nie.

Indien ons landlynnommers buite werking is, kan u die volgende premieselnommers skakel:

LANDLYNNOMMER	PREMIESELNOMMER
(018) 632-4051	079 899 9332
(018) 632-4053	071 606 8188
(018) 632-4054	079 899 0208
(018) 632-4055	079 899 0227
(018) 632-4056	082 410 0518
	082 419 0030

Onthou:

Ná 'n goeie reënjaar is veldgras se voedingswaarde beperk.

Bestel nou jou Opti-winterlek.

Spesiale aanbiedinge vir produsente by NAMPO

Tydens die NAMPO Oesdag bied Opti Chicks spesiale pryse asook pakketaanbiedinge aan. Maak nie saak of jy 'n bestaande braaikuikenprodusent is nie of dalk nou braaikuikens wil begin grootmaak, hierdie geleentheid moet jy nie misloop nie. Opti Chicks is verbind tot die pluimveebedryf en wil graag 'n bydrae lewer tot jou sukses. Vir kwaliteit braaikuikens of spesialis advies, kom gesels met ons by die NWK-stalletjie vir groot besparings.

'n Webtuiste om mee te spog

Dit is met groot opgewondenheid dat Opti Chicks sy nuwe webtuiste bekendstel. Die webtuiste is ontwerp vir almal wat belangstel in of betrokke is by die braaikuikenbedryf en meer wil weet oor die bedryf en Opti Chicks as maatskappy. Gaan kyk gerus by *www.optichicks.co.za* na dié nuwe gebruikersvriendelike, klantgedrewe webtuiste vir meer inligting oor Opti Chicks en die produkte en dienste wat hulle bied.

Wie's wie in NWK
– Ontmoet vir Schalk Brits

Schalk Brits is die bestuurder by Epkor, NWK se sonneblomolie-verfyningsaanleg in Johannesburg. Sy grootste uitdaging in dié pos, is die koste-effektiewe bestuur van Epkor en om toe te sien dat hul produk teen die beste prys op soveel winkelrakke as moontlik pryk.

NAMPO Oesdag

Kom besoek NWK gerus vanjaar in die NAMPO-saal tydens die NAMPO Oesdag, op NAMPO Park buite Bothaville van 17 - 20 Mei.

Schalk het op 'n kleinhoewe in Randfontein grootgeword. Hy het sy MMP (Middle Management Programme) en AMP (Advanced Management Programme) voltooi en is tans besig met sy MBA. Nadat hy in 1998 as 'n boukontrakteur begin werk het, het hy gou agtergekom dat dit nie die bedryf vir hom is nie. In April 1999 het hy by die verfyningsaanleg op Aeroton begin werk as 'n kontrakteur vir Sabie Raffinadery. Toe NWK die aanleg in 2001 by Helios Oils oorgekoop het, het hy as hoofoperateur aangebly en is in 2002 na produksiebestuurder bevorder.

In 2004 het hy amptelik 'n NWK-personeellid geword in die pos produksiebestuurder: Epko en is in 2009 bevorder na bestuurder: Epkor. In dié pos is hy verantwoordelik vir die effektiewe werking van die verfyningsaanleg, prysbepalings en bemarking van die verfynde olie, logistieke bestuur, kliënteskakeling, personeelbestuur en die ondersoek en inisiëring van nuwe produkte.

Hy geniet die uitdagings wat sy werk op 'n daaglikse basis bied. "Die oliemark is baie volatiel en jy moet op jou hoede wees met elke transaksie wat jy aangaan om nie te verloor nie. Daar is altyd druk en dit is hoe jy dit hanteer en verwerk wat die adrenalien laat pomp."

Hy glo dat 2011 'n goeie persjaar vir oliprodusente gaan wees, wat te weeg sal bring dat goeie opbrengste kan realiseer. "Epko kyk ook daarna om 'n paar nuwe produkte bekend te stel in die volgende paar jaar, wat ons *footprint* in die kleinhandel kan verseker," noem hy.

Schalk is al vir sewe jaar met Sonja getroud. Sy seun, Schalk (junior) is vier jaar oud en 'n boetie maak in Julie sy opwagting. Hy spandeer graag tyd saam met sy gesin, ontspan voor die televisie of op die gholfbaan. Hy is 'n kranige jagter en vir hom is die beste vakansieplek Namibië. As toeskouer geniet hy rugby en ondersteun die Leeus – wen of verloor!

Koördinaat kompetisie

'n Gelukkige leser kan dié Shark koordlose stofsuier ter waarde van R600 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Met watter rubriek word daar in hierdie uitgawe van *Koördinaat* afgeskop?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Lani Viljoen, NWK Korporatiewe Bemarking, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Jy kan ook 'n faks na (018) 633-1931 of e-pos *lviljoen@nwk.co.za* stuur. Inskrywings moet Lani voor of op 10 Junie 2011 bereik. Jy kan ook die inskrywingsvorm by *www.nwk.co.za* invul.

Vorige wenner

Baie geluk aan JJJ van Vuuren van Koster wat die Kombuiskampeertafel in die Maart-kompetisie gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – *nie NWK personeel nie*.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK-bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers op Lichtenburg behartig.

KOÖRDINAAT

Koördinaat is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Lani Viljoen (018) 633-1069 • Faks: (018) 633-1931 • *lviljoen@nwk.co.za*
Louise Kunz (018) 632-0565 • 079 084 2320 • *jlkunz@mtnloaded.co.za*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

Alle regte van *Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.